- (3) Indien daar 'n staking van stemme oor enige saak is, moet die speaker 'n beslissende stem uitbring, soos vereis in artikel 30 (4) van die Wet op Munisipale Strukture.

- (4) 'n Saak op die agenda word as 'n bestrede saak beskou indien 'n raadslid onmiddellik nadat die speaker aan die vergadering bekend gemaak het dat die saak oop is vir debatvoering, te kenne gee dat hy of sy die saak wil bespreek. Geen saak word as bestrede beskou slegs as gevolg daarvan dat vrae in verband daarmee gestel word nie.

14. Besluite

- (1) In ooreenstemming met artikel 160 (3) van die Grondwet en artikel 30 (2) van die Wet op Munisipale Strukture is die steun van 'n meerderheid raadslede nodig om te besluit oor –
- (a) die aanneming van munisipale verordeninge;
 - (b) die goedkeuring van die begroting;
 - (c) die oplegging van eiendoms- en ander belastings, heffings en pligte;
 - (d) die aangaan van lenings;
 - (e) die verkoop van vaste bates;
 - (f) die implementering van 'n doeltreffende beleidsraamwerk vir kontantbestuur;
 - (g) die sluiting van diensleweringsooreenkomste; en
 - (h) die goedkeuring van die GOP.
- (2) In ooreenstemming met artikel 34 van die Wet op Munisipale Strukture is die steun van ten minste twee-derdes van die raadslede nodig om 'n besluit aan te neem om die raad te ontbind.
- (3) Oor alle ander vrae voor die raad word deur 'n meerderheid van die stemme wat uitgebring is, besluit, soos in artikel 160 (3) (c) van die Grondwet bedoel.
- (4) Indien daar oor enige saak 'n staking van stemme is, moet die speaker 'n beslissende stem uitbring, soos in artikel 30 (4) van die Wet op Munisipale Strukture bedoel.

HOOFSTUK 4

BYWONING DEUR LEDE VAN DIE PUBLIEK

15. Bywoning deur lede van die publiek

- (1) Die speaker moet –
- (a) redelike stappe doen om die bywoning en gedrag van lede van die publiek by vergaderings te reguleer; en
 - (b) verseker dat vergaderings vir persone met gestremdhede toeganklik is.
- (2) Die speaker kan redelike tyd toewys aan enige lid van die publiek wat die raad wil toespreek, met inagneming van –
- (a) die aard van die saak wat bespreek sal word;
 - (b) prioriteite wat ander sake van die raad betref;

- (c) ander lede van die publiek wat teenwoordig is en ook die raad wil toespreek;
en
 - (d) 'n vorige geleentheid wat alreeds aan dié lid van die publiek gegee is.
- (3) Lede van die publiek wat die raad wil toespreek, moet skriftelik by die speaker toestemming vra, en die saak vermeld waaroor hulle wil praat.

16. Nie-openbaarmaking van sake

- (1) Indien die speaker van mening is dat lede van die publiek van 'n vergadering uitgesluit moet word of indien 'n raadslid 'n mosie te dien effekte voorstel, moet die speaker –
- (a) beveel dat alle lede van die publiek die vergaderlokaal verlaat; en
 - (b) beveel dat die raad 'n mosie oorweeg of dit redelik sou wees om die publiek van die vergadering uit te sluit, met inagneming van die aard van die sake wat hanteer moet word, met inbegrip van die volgende faktore –
 - (i) of daar andersins onredelike openbaarmaking van persoonlike inligting ten opsigte van enige persoon kan wees;
 - (ii) of handelsgeheime van enige persoon andersins openbaar gemaak kan word;
 - (iii) of finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting, behalwe handelsgeheime, van enige persoon andersins openbaar gemaak kan word, en die openbaarmaking waarskynlik die kommersiële of finansiële belange van daardie persoon skade sou berokken;
 - (iv) of inligting wat vertroulik deur enige persoon verstrekkend is, openbaar gemaak kan word, en daar kan redelikerwys verwag word dat die openbaarmaking daardie persoon in kontraktuele of ander onderhandelinge sal benadeel of daardie persoon in kommersiële mededinging sal benadeel;
 - (v) of inligting openbaar gemaak kan word wat aanleiding kan gee tot 'n aksie vir skending van 'n vertroulikheidsplig wat ingevolge 'n ooreenkoms aan enige persoon verskuldig is;
 - (vi) of inligting openbaar gemaak kan word waarvan redelikerwys verwag kan word dat dit die lewende of fisiese veiligheid van enige persoon in gevaar kan stel, of die sekuriteit van 'n gebou, struktuur, stelsel, manier van vervoer of enige ander eiendom kan benadeel of in gedrang kan bring;
 - (vii) of inligting openbaar gemaak kan word wat geprivilegeer is ten opsigte van voorlegging tydens regsverrigtinge;
 - (viii) of inligting openbaar gemaak kan word wat finansiële, kommersiële, wetenskaplike of tegniese inligting bevat –
 - (aa) waarvan die openbaarmaking waarskynlik die munisipaliteit se finansiële belange sal benadeel; of

- (bb) ten opsigte waarvan daar redelikerwys verwag kan word dat die openbaarmaking die munisipaliteit in kontraktuele en ander onderhandelinge sal benadeel;
 - (ix) of inligting openbaar gemaak kan word oor navorsing wat gedoen word of nog gedoen gaan word deur of namens enige persoon of die munisipaliteit, en die openbaarmaking van die inligting waarskynlik enige persoon of die munisipaliteit of die inhoud van die navorsing aan ernstige benadeling sal blootstel; of
 - (x) of die betrokke item op die agenda betrekking het op enige ander saak wat redelikerwys van die publiek weerhou kan word.
- (2) Indien die mosie soos bedoel in subreël (4) (b) om die publiek van die vergadering uit te sluit, gesekondeer word, moet daar oor die mosie gestem word na debatvoering oor die redes vir uitsluiting van die publiek, maar sonder debatvoering oor die betrokke item op die agenda.
 - (3) Indien die mosie soos bedoel in subreël (4) (b) nie aangeneem word nie, moet die speaker verseker dat lede van die publiek weer toegang tot die vergadering gegee word.
 - (4) Indien die mosie soos bedoel in subreël (4)(b) aanvaar word, kan geen lid van die publiek, met inbegrip van die media, die betrokke verrigtinge bywoon nie.
 - (5) Die motivering vir die uitsluiting van die publiek moet in die notule aangeteken word, en die notule moet die tyd waarop die geslote sessie begin en eindig, aantoon.
 - (6) Hierdie reël is onderworpe aan artikel 20 (1) en (2) van die Wet op Munisipale Stelsels.

17. Hertoelating van lede van die publiek

- (1) 'n Raadslid kan gedurende die verloop van 'n vergadering waarvan die publiek uitgesluit is, 'n mosie indien dat die vergadering weer oopgestel word en die redes vir die mosie noem.
- (2) Indien die mosie gesekondeer word, moet daar onverwyld en sonder debatvoering daarvoor gestem word.
- (3) Indien die mosie aanvaar word, moet die speaker verseker dat lede van die publiek weer toegang tot die vergadering gegee word.

HOOFSTUK 5

DEKORUM TYDENS VERGADERINGS

18. Dekorum van raadslede en lede van die publiek

- (1) Raadslede en lede van die publiek moet die orde en etiket by vergaderings handhaaf, en hulle mag nie –
 - (a) op 'n onbetaamlike wyse optree nie;

- (b) die werksaamhede van 'n vergadering belemmer nie;
 - (c) beslissings van die speaker op enige punt van orde betwis nie;
 - (d) enige oortreding van die reëls begaan nie;
 - (e) weier om enige uiting terug te trek wanneer deur die speaker daartoe gelas nie; of
 - (f) hulle aan langdradige herhaling of onweloweglike taal skuldig maak nie.
- (2) Indien raadslede of lede van die publiek subreël (1) oortree, moet die speaker die raadslede of lede van die publiek beveel om hulle van die oortreding te weerhou.
- (3) Indien raadslede of lede van die publiek die bevel van die speaker kragtens subreël (2) verontagsaam, kan die speaker die raadslede of lede van die publiek beveel om –
- (a) indien hulle praat, hulle redevoering te staak; of
 - (b) die vergaderlokaal vir die res van die vergadering te verlaat of, indien nodig, hulle te laat verwyder deur 'n persoon wat deur die speaker aangewys is.
- (4) Indien die speaker versuim om kragtens subreël (3) op te tree, kan enige raadslid 'n mosie indien wat van die speaker vereis om dit te doen.
- (5) Die mosie waarna subreël (4) verwys, moet sonder kennisgewing ingedien word, en indien die mosie gesecondeer word, moet daar onverwyld en sonder debatvoering daaroor gestem word.
- (6) Die gebruik van sellulêre fone gedurende vergaderings is verbode. Sellulêre fone moet gedurende vergaderings afgeskakel wees, tensy reëlins vooraf met die speaker of voorsitter van die vergadering getref is. Boetes kan gehef word indien die reël geïgnoreer sou word.
- (7) 'n Lid of nie-lid mag nie die lokaal waar die vergadering gehou word sonder die toestemming van die speaker of voorsitter verlaat nie.

HOOFSTUK 6 DEBATTE EN MOSIES

19. Aanspreek van die speaker

- (1) Raadslede of lede van die publiek wat erkenning verkry om by 'n vergadering te praat, moet die speaker aanspreek.
- (2) Lede van die publiek wat deur die speaker erken word, moet hulle naam vermeld, en indien hulle 'n organisasie of enige groep verteenwoordig, sê wie die organisasie of groep is.
- (3) Enige raadslid of lid kan sit óf staan wanneer die speaker aangespreek word.**

20. Die reg om te praat en beperkings daarop

- (1) Wanneer lede die raad wil toespreek, moet hulle eers die speaker se toestemming verkry. Raadslede kan by 'n vergadering praat of begin praat nadat die speaker hulle erken het.
- (2) Raadslede moet persoonlike aanvalle op ander Raadslede vermy en moet hulle daarvan weerhou om die motiewe vir enige raadslid se debat of stem te betwis.
- (3) 'n Raadslid mag net een keer praat oor –
 - (a) die saak voor die raad;
 - (b) enige mosie voor die raad;
 - (c) enige wysigings tot 'n mosie voor die raad; of
 - (d) 'n punt van orde of 'n vraag, tensy die speaker toestemming gegee het of hierdie reëls daarvoor voorsien.
- (4) Raadslede mag nie onderbreek word terwyl hulle praat nie, tensy die speaker hulle tot orde roep of enige ander raadslid 'n punt van orde opper.
- (5) 'n Raadslid mag nie langer as vyf minute oor enige saak praat nie, behalwe met die toestemming van die speaker.
- (6) Die speaker mag geen raadslid toelaat om te praat oor 'n saak nadat daar oor die saak gestem is nie.
- (7) Die speaker kan geen debat oor 'n saak toelaat –
 - (a) wat enige saak op die agenda kan antisipeer nie; of
 - (b) waaroor 'n besluit deur 'n regterlike of administratiewe liggaam of 'n kommissie van ondersoek hangende is nie.

21. Inhoud van debatte

- (1) Raadslede wat praat, moet hulle tot die saak voor die raad bepaal.
- (2) Indien raadslede met onsaaklikheid volhard nadat die speaker hulle versoek het om hulle toespraak tot die saak voor die raad te bepaal, moet die speaker die raadslede beveel om hulle plek in te neem en nie verder in verband met daardie saak te praat nie.
- (3) Raadslede en lede van die publiek moet die orde en etiket by vergaderings handhaaf, en mag hulle nie aan langdradige herhaling van besprekings of aan onwelvoeglike taal of lasterlike opmerkings skuldig maak nie.

22. Punte van orde

- (1) 'n Raadslid kan 'n vergadering in die rede val om 'n punt van orde te opper ten einde die speaker se aandag daarop te vestig dat die reëls of 'n statutêre bepaling geskend word.
- (2) 'n Punt van orde mag geopper word in verband met –
 - (a) 'n prosessuele aangeleentheid; of

- (b) die gedrag van 'n raadslid, 'n lid van die publiek of 'n werknemer van die munisipaliteit.
- (3) Raadslede wat 'n punt van orde opper, moet onmiddellik aangehoor word en hulle moet vermeld –
 - (a) watter punt van orde ter sake is; en
 - (b) watter reël of statutêre bepaling oortree is.
- (4) 'n Raadslid wat praat wanneer 'n punt van orde geopper word, moet onmiddellik ophou praat totdat die speaker oor die punt van orde beslis het. Alle ander sake voor die raad moet uitgestel word totdat daar oor die punt van orde beslis is.
- (5) Indien verklaar word dat dit binne die orde is, moet die raadslid met sy of haar toespraak voortgaan.
- (6) Indien verklaar word dat dit buite die orde is, moet die raadslid stilbly of enige opmerkings terugtrek of verander ten einde aan die beslissing uitvoering te gee.
- (7) Die speaker se beslissing oor 'n punt van orde is finaal en nie oop vir debatvoering nie, en dit moet in die notule aangeteken word.

23. Verduidelikings

- (1) Die speaker mag 'n raadslid toelaat om 'n vorige uitlating te verduidelik, maar slegs wanneer en in die mate waartoe 'n wesenlike deel van die uitlating verkeerd verstaan kon gewees het.
- (2) Die raadslid wat die verduideliking gee, mag geen nuwe saak ophaal nie, en geen debat mag oor die verduideliking toegelaat word nie.

24. Mosies

'n Raadslid mag 'n mosie indien slegs wanneer die speaker dit tot stemming bring en indien 'n ander raadslid dit sekondeer, tensy anders in hierdie reëls bepaal.

25. Kennisgewing van mosies

- (1) Tensy in hierdie reëls anders bepaal, moet kennisgewing van 'n mosie skriftelik wees, gemotiveer word, deur die betrokke raadslid onderteken word, gedateer wees en ten minste ses werksdae voor die datum van die vergadering waartydens dit voorgestel sal word, aan die munisipale bestuurder of speaker oorhandig word.
- (2) Subreël (1) is nie op die onderstaande mosies van toepassing nie:
 - (a) 'n dringende mosie; en
 - (b) 'n mosie van orde.

26. Kennisgewing van vrae

- (1) Nadat 'n mosie ingedien en gesekondeer is, wanneer enige toespraak oor die mosie afgesluit is, kan 'n raadslid enige vraag wat op die mosie betrekking het, aan enige ander raadslid vra.
- (2) Geen aanvullende vrae mag gevra word nie, behalwe deur die raadslid wat die vraag gevra het en dan slegs in verband met sake wat uit die antwoord op daardie vraag voortspuit.
- (3) Die raadslid aan wie die vraag gerig is, kan óf onmiddellik daarop antwoord óf versoek dat kennis van die vraag gegee word.
- (4) Die kennisgewing soos in subreël (3) bedoel, moet skriftelik wees, deur die betrokke raadslid onderteken word, gedateer wees en aan die speaker en die munisipale bestuurder oorhandig word.
- (5) Wanneer die munisipale bestuurder die kennisgewing ontvang, moet hy of sy die kennisgewing binne vyf dae vir die raadslid aan wie die vraag gerig is, aanstuur en –
 - (a) die raadslid versoek om 'n antwoord op die vraag skriftelik aan die munisipale bestuurder voor te lê; en
 - (b) die speaker van enige antwoord wat in verband met die vraag ontvang word, in kennis stel.
- (6) Die munisipale bestuurder of speaker moet verseker dat die antwoord op die agenda van die volgende vergadering geplaas word.
- (7) 'n Raadslid mag 'n vraag stel oor enige saak wat met die doeltreffende uitvoering van die munisipaliteit se funksies en die uitoefening van die munisipaliteit se magte verband hou en wat 'n skriftelike antwoord vereis.
- (8) Kennisgewing van 'n vraag ingevolge subreël (7) moet skriftelik gegee word, deur die betrokke raadslid onderteken word, gedateer wees en aan die speaker en die munisipale bestuurder oorhandig word. Die prosedures in subreël (5) en (6) is van toepassing op die vraag.

27. Dringende mosies

- (1) 'n Raadslid kan die aandag van die raad vestig op enige saak wat nie op die agenda verskyn nie en waarvan geen kennis gegee is nie deur kortliks die onderwerp van die saak te vermeld en sonder om daarop kommentaar te lewer 'n mosie indien dat die mosie waarop die raad se aandag gevestig is onverwyld as 'n dringende saak beskou word.
- (2) Indien die mosie in subreël (1) bedoel, gesekondeer en aangeneem word, kan die lid wat die mosie ingedien het sonder kennisgewing toegelaat word om die saak te laat oorweeg.

28. Mosies van orde

- (1) Die onderstaande word as mosies van orde beskou:

- (a) dat voorrang gegee word aan die oorweging van enige besondere saak wat op die agenda verskyn;
 - (b) dat enige verslag waarna die agenda verwys, aangeteken, aanvaar, uitgevoer of terugverwys word;
 - (c) dat uitvoering gegee word aan enige dokument voor die raad op die wyse soos in die mosie bepaal;
 - (d) dat uitvoering gegee word ten opsigte van enige saak wat vir oorweging voorgelê is op die wyse soos in die mosie bepaal;
 - (e) dat die speaker moet beveel dat 'n raadslid of 'n lid van die publiek die vergadering verlaat; en
 - (f) enige mosie verwys na in reël 27.
- (2) Indien 'n mosie van orde gesekondeer word, moet dit onverwyld sonder 'n debat tot stemming gebring word.

29. Debatsprosedure

Wanneer 'n mosie onder bespreking is, kan geen verdere mosie ontvang word nie, behalwe –

- (a) dat die mosie gewysig word;
- (b) dat die oorweging van die saak tot 'n vaste of onbepaalde datum uitgestel word;
- (c) dat lede van die publiek uitgesluit word;
- (d) dat lede van die publiek hertoegelaat word;
- (e) dat die raadsvergadering tot 'n ander datum verdaag;
- (f) dat die raadsvergadering vir 'n bepaalde tyd verdaag;
- (g) dat die debat oor die saak vir 'n bepaalde tyd verdaag word;
- (h) dat die saak tot stemming gebring word;
- (i) dat die saak van die agenda verwyder word;
- (j) dat die vraag of mosie onttrek word; of
- (k) dat die raad na die volgende sake aanbeweeg.

30. Mosies van wysiging

- (1) 'n Raadslid kan 'n mosie van wysiging indien deur te vermeld dat die mosie gewysig moet word, en hoe die oorspronklike mosie gewysig moet word.
- (2) Die mosie waarna subreël (1) verwys, moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) 'n Wysiging moet betrekking hê op die oorspronklike mosie waarop dit voorgestel is, en moet ingedien word terwyl die oorspronklike mosie oorweeg word.
- (4) Die wysiging moet oorweeg word voordat die oorspronklike mosie oorweeg word.

- (5) Indien die speaker so vereis, moet 'n voorgestelde wysiging skriftelik wees, onderteken wees deur die raadslid wat dit ingedien het en aan die speaker of munisipale bestuurder oorhandig word.
- (6) Indien daar meer as een wysiging op die oorspronklike mosie is, moet die laaste voorgestelde wysiging eerste tot stemming gebring word, en indien dit aanvaar word, moet die saak dienooreenkomstig afgehandel word.
- (7) Indien die laaste voorgestelde wysiging verwerp word, moet die wysiging wat onmiddellik voor die laaste wysiging voorgestel is, tot stemming gebring word. Wanneer alle wysigings afgehandel is, moet die oorspronklike mosie of die oorspronklike mosie soos gewysig, na gelang van die geval, tot stemming gebring word.
- (8) Geen verdere mosie van wysiging op die oorspronklike mosie mag voorgestel word nadat die speaker die oorspronklike mosie tot stemming gebring het nie.
- (9) 'n Wysiging kan nie die beginsel wat in die oorspronklike mosie vervat is, wesenlik wysig nie, maar kan die bepalings daarvan in een besonderheid of meer verander.
- (10) Die speaker moet besluit of 'n wysiging aan subreël (9) voldoen al dan nie, en dienooreenkomstig beslis.

31. Mosie dat 'n saak uitgestel word

- (1) 'n Raadslid kan in die slot van 'n toespraak voorstel dat die oorweging van die saak na 'n vaste of onbepaalde datum uitgestel word.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Die raadslid wat die mosie voorgestel het, kan oor die mosie praat.
- (4) Die raadslid wat die oorspronklike mosie in verband met die saak onder bespreking voorgestel het, kan repliek lewer, waarna die mosie in subreël (1) bedoel sonder verdere debatvoering tot stemming gebring moet word.
- (5) Indien die mosie in subreël (1) bedoel, aanvaar word, word die saak boaan die agenda geplaas van sake wat oorweeg moet word by die vergadering waarheen dit uitgestel is.
- (6) Indien die mosie in subreël (1) bedoel, nie aanvaar word nie, gaan die vergadering voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag nie 'n soortgelyke mosie aanvaar nie.

32. Mosie dat 'n vergadering tot 'n ander datum verdaag word

- (1) 'n Raadslid wat nog nie aan die debat oor 'n saak deelgeneem het nie, kan op enige tydstip gedurende die debat oor daardie saak, maar nie in die loop van 'n toespraak deur 'n ander raadslid of terwyl daar gestem word nie, voorstel dat die vergadering tot 'n ander datum verdaag word.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Die raadslid wat die mosie ingedien het, kan oor die mosie praat.

- (4) Geen debat oor die mosie mag toegelaat word nie, behalwe dat die eerste raadslid wat sy of haar teenkanting teen die mosie aandui, teen sodanige mosie kan praat.
- (5) Geen wysiging aan die mosie mag voorgestel word nie, behalwe wat die tydperk van verdaging betref.
- (6) Indien die mosie aanvaar word, moet die vergadering onverwyld verdaag en byeengeroep word op die datum soos in die mosie of gewysigde mosie bepaal, tensy die speaker gelas dat die vergadering eers voortgaan om onbestrede sake af te handel.
- (7) Indien die mosie nie aanvaar word nie, gaan die vergadering voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag vir die volgende halfuur geen soortgelyke mosie aanvaar nie.
- (8) Indien die mosie gedurende 'n debat en voor die afhandeling daarvan aanvaar word, is die raadslid wat die mosie ingedien het, daarop geregtig om eerste te praat wanneer die betrokke saak by die verdaagde vergadering heropen word vir debatvoering.
- (9) Geen sake mag by 'n verdaagde vergadering afgehandel word nie buiten die sake wat op die agenda was vir die vergadering waarvan die verdaagde vergadering 'n verdaging is.

33. Mosie dat 'n vergadering vir 'n bepaalde tyd verdaag word

- (1) 'n Raadslid kan te eniger tyd, behalwe gedurende 'n toespraak deur 'n ander raadslid of terwyl daarvoor gestem word, voorstel dat die vergadering vir 'n bepaalde tyd maar hoogstens een uur verdaag.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Indien die mosie aanvaar word, moet die vergadering onverwyld vir die bepaalde tyd verdaag en weer op die tyd soos in die mosie bepaal byeenkom.
- (4) Indien die mosie nie aanvaar word nie, gaan die vergadering voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag vir die volgende halfuur geen soortgelyke mosie aanvaar nie.
- (5) Die speaker kan 'n vergadering te eniger tyd, by aanvoering van gegronde redes, vir 'n bepaalde tyd verdaag.

34. Mosie dat 'n debat oor 'n saak vir 'n bepaalde tyd verdaag word

- (1) 'n Raadslid wat nog nie aan die debat oor 'n saak deelgeneem het nie, kan aan die einde van enige toespraak oor daardie saak voorstel dat die debat oor die saak vir 'n bepaalde tyd verdaag word.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Die raadslid wat die mosie ingedien het, kan oor die mosie praat.
- (4) Geen debat word oor die mosie toegelaat nie, behalwe dat die eerste raadslid wat sy of haar teenkanting teen die mosie aangedui het, daarteen mag praat.

- (5) Geen wysiging van die mosie mag voorgestel word nie, behalwe wat die tydperk van verdaging betref.
- (6) Indien die mosie aanvaar word, beweeg die vergadering aan na die volgende item op die agenda, en die verdaagde debat word hervat op die tyd soos in die mosie bepaal.
- (7) Wanneer die verdaagde debat hervat word, is die raadslid wat die verdaging voorgestel het, daarop geregtig om eerste te praat.
- (8) Indien die mosie nie aanvaar word nie, gaan die debat oor die saak voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag vir die volgende halfuur geen soortgelyke mosie aanvaar nie.
- (9) 'n Raadslid kan nie meer as een mosie vir die verdaging van die debat oor die saak gedurende die loop van daardie debat indien of sekondeer nie.
- (10) Die speaker kan 'n vergadering op enige tydstip, by aanvoering van gegronde redes, vir 'n bepaalde tyd verdaag.

35. Mosie dat 'n saak tot stemming gebring word

- (1) 'n Raadslid wat nog nie aan die debat oor 'n saak deelgeneem het nie, mag aan die einde van enige toespraak oor daardie saak voorstel dat die saak tot stemming gebring word.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Behoudens subreël (4) is 'n mosie in subreël (1) bedoel, nie oop vir debatvoering nie.
- (4) Wanneer 'n mosie gedebatteer word en 'n mosie soos in subreël (1) bedoel, word voorgestel, mag die raadslid wat die oorspronklike mosie ingedien het, oor die oorspronklike mosie praat, waarna die mosie soos in subreël (1) bedoel sonder enige verdere debatvoering tot stemming gebring moet word.
- (5) Indien die mosie soos in subreël (1) bedoel, nie aanvaar word nie, gaan die vergadering voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag nie 'n soortgelyke mosie aanvaar nie.

36. Mosie dat 'n saak van die agenda verwyder word

- (1) 'n Raadslid wat nog nie aan die debat oor 'n saak deelgeneem het nie, mag aan die einde van enige toespraak oor daardie saak voorstel dat die saak van die agenda verwyder word.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Behoudens subreël (4) is 'n mosie soos in subreël (1) bedoel nie oop vir debatvoering nie.
- (4) Wanneer 'n mosie gedebatteer word en 'n mosie soos in subreël (1) bedoel, word voorgestel, mag die raadslid wat die oorspronklike mosie ingedien het, oor die oorspronklike mosie praat, waarna die mosie soos in subreël (1) bedoel sonder enige verdere debatvoering tot stemming gebring moet word.

- (5) Indien die mosie soos in subreël (1) bedoel, aanvaar word, moet die saak van die agenda van die vergadering verwyder word, en mag dit nie by daardie vergadering verder gevoer word nie.
- (6) Indien die mosie soos in subreël (1) bedoel, nie aanvaar word nie, gaan die vergadering voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag nie 'n soortgelyke mosie aanvaar nie.

37. Mosie dat 'n saak na 'n komitee verwys word

- (1) 'n Raadslid mag aan die einde van enige toespraak oor 'n saak voorstel dat die saak na 'n komitee verwys word.
- (2) Die mosie moet gesekondeer word en hoef nie skriftelik te wees nie.
- (3) Behoudens subreël (4) is 'n mosie soos in subreël (1) bedoel nie oop vir debatvoering nie.
- (4) Wanneer 'n mosie gedebatteer word en 'n mosie soos in subreël (1) bedoel, word voorgestel, mag die raadslid wat die oorspronklike mosie ingedien het, oor die oorspronklike mosie praat, waarna die mosie soos in subreël (1) bedoel sonder enige verdere debatvoering tot stemming gebring moet word.
- (5) Indien die mosie soos in subreël (1) bedoel, aanvaar word, mag die saak wat gedebatteer word nie by die vergadering verder gevoer word nie.
- (6) Indien die mosie soos in subreël (1) bedoel nie aanvaar word nie, gaan die vergadering voort asof daar geen onderbreking was nie, en die speaker mag nie 'n soortgelyke mosie aanvaar nie.

38. Terugtrekking van mosies of vrae

- (1) 'n Raadslid wat 'n mosie voorgestel het, mag dit te eniger tyd met die toestemming van die raad en die raadslid wat dit gesekondeer het, terugtrek.
- (2) 'n Raadslid mag nie oor 'n mosie praat nadat die raad toegestem het dat die mosie teruggetrek word nie.
- (3) 'n Raadslid wat 'n vraag gestel het, mag dit op enige tydstip voordat die vraag beantwoord is sonder die raad se toestemming terugtrek.

39. Afwesigheid van die raadslid wat kennis van 'n mosie of vraag gegee het

Indien die raadslid wat kennis van 'n mosie of 'n vraag gegee het, nie teenwoordig is wanneer die speaker hom of haar aan die woord stel nie, mag enige ander raadslid die mosie voorstel of die vraag stel.

40. Herindiening van mosies of vrae

- (1) 'n Mosie wat deur die raad afgestem word of 'n vraag wat beantwoord is, mag nie weer binne 'n tydperk van drie maande vanaf die vergadering waarby dit afgestem of beantwoord is, voorgestel word of gestel word nie, tensy die raad daartoe toestem.

- (2) 'n Raadslid wat 'n mosie of vraag weer wil stel, moet die speaker skriftelik kennis gee.
- (3) Indien die speaker 'n kennisgewing soos in subreël (2) bedoel, ontvang, moet hy of sy die kennisgewing op die agenda van die volgende vergadering plaas.

41. Mosies of vrae oor sake wat na 'n komitee verwys is

- (1) 'n Raadslid kan nie kennis gee van 'n mosie of vraag oor enige saak wat voor 'n komitee is vir oorweging nie, tensy kennisgewing van die mosie of vraag –
 - (a) ook aan daardie komitee voorgelê is; of
 - (b) deel uitmaak van die verwysing van die saak na daardie komitee vir oorweging en verslag.
- (2) Lede van 'n komitee kan, indien hulle van mening is dat 'n saak dringend is, kennis gee van 'n mosie of vraag oor 'n saak wat na die komitee verwys is, hoewel die mosie of vraag nog nie aan daardie komitee voorgelê is of deur die komitee oorweeg is nie.

42. Aanbeveling deur die uitvoerende burgemeester of uitvoerende-burgemeesterskomitee

- (1) 'n Aanbeveling vervat in 'n verslag wat deur die uitvoerende burgemeester of 'n uitvoerende komitee aan die raad voorgelê is, word geag deur die uitvoerende burgemeester of uitvoerende komitee voorgelê te wees, na gelang van die geval.
- (2) Die mosie hoef nie gesekondeer te word nie.
- (3) Die uitvoerende burgemeester of enige lid van die uitvoerende komitee mag oor die saak praat en daarop antwoord, maar in die antwoord moet hy of sy hom of haar bepaal tot die antwoord oor die saak en mag hy of sy geen nuwe saak in die debat inbring nie.

HOOFSTUK 7 KOMITEES

43. Stigting van komitees

- (1) Die raad mag komitees stig behoudens artikel 33, 79 en 80 van die Wet op Munisipale Strukture.
- (2) Die raad moet die ledetal van 'n komitee bepaal met inagneming van artikel 160 (8) van die Grondwet en die voorkeur, gewilligheid en ervaring van elke raadslid.
- (3) Die raad moet die voorsitter van 'n komitee aanstel. Indien die voorsitter by 'n komiteevergadering afwesig is, moet die komitee een van sy lede kies om by daardie vergadering voor te sit.

44. Magte en funksies van die voorsitter

Die voorsitter van 'n komitee moet –

- (a) by komiteevergaderings voorsit;
- (b) besluit wanneer en waar die komitee vergader;
- (c) die agenda van komiteevergaderings opstel;
- (d) rekord hou van die notules van komiteevergaderings;
- (e) redelike stappe doen om bywoning van komiteevergaderings deur lede van die publiek te reguleer;
- (f) verseker dat vergaderings vir persone met gestremdhede toeganklik is; en
- (g) etiket handhaaf, en beslis oor alle vrae oor 'n saak wat voor die komitee dien, met inbegrip van 'n punt van orde.

45. Magte en funksies van komitees

- (1) 'n Komitee voer die funksies uit wat deur wetgewing, hierdie reëls of 'n besluit van die raad daaraan toegewys is.
- (2) Met inagneming van die sake in reël 15 (4) (b) (i) tot (x), kan 'n komitee besluit of lede van die publiek van 'n komiteevergadering uitgesluit moet word.
- (3) 'n Komitee moet daarna streef om besluite deur konsensus te neem. Indien 'n komitee nie 'n konsensusbesluit kan neem nie, moet die voorsitter die saak tot stemming bring ten einde 'n meerderheidsbesluit te verkry. In die geval van 'n staking van stemme moet die voorsitter 'n beslissende stem uitbring.
- (4) 'n Komitee moet enige verslag wat die raad vereis, voorlê binne die tydraamwerk wat die raad bepaal het. Indien 'n komitee nie 'n verslag binne die tydraamwerk voorlê nie, moet die voorsitter die raad om uitsteltyd vra en die rede daarvoor vermeld.
- (5) Indien die raad 'n versoek soos in subreël (4) bedoel, ontvang, moet dit die versoek binne sewe dae oorweeg.
- (6) Alle verrigtinge van komiteevergaderings moet in die notule aangeteken word, wat deur die komitee goedgekeur en deur die voorsitter onderteken moet word.
- (7) 'n Komitee kan enige komiteevergadering tot 'n ander datum verdaag.

46. Sekretariate van komitees

- (1) Die munisipale bestuurder moet verseker dat elke komitee 'n sekretariaat het.
- (2) Die sekretariaat van 'n komitee moet –
 - (a) notule van komiteevergaderings hou;
 - (b) skriftelik aan elke komiteelid kennis gee van komiteevergaderings, op enige redelike wyse wat die doel sal bereik; en
 - (c) kennisgewing van 'n komiteevergadering wat vir lede van die publiek oop is in 'n plaaslike koerant of op die toepaslike webtuiste publiseer.
- (3) Die kennisgewing soos in subreël (2) bedoel, moet ten minste sewe dae voor die vergadering gegee word en moet die datum, tyd, plek en agenda van die vergadering vermeld.

HOOFSTUK 8 DIVERSE SAKE

47. Baniere, tekens en plakkate

Die speaker moet besluit watter baniere, tekens of plakkate by vergaderings vertoon mag word. Geen ontwrigtende banier, teken of plakkaat mag by vergaderings vertoon word nie.

48. Verbod op gebruik van hoorbare, draagbare kommunikasietoestelle

- (1) Behoudens subreël (2) mag geen hoorbare, draagbare kommunikasietoestelle, met inbegrip van maar nie beperk nie tot sellulêre fone en roepradio's, gedurende 'n vergadering gebruik word nie.
- (2) Mikrofone, elektroniese opneemtoestelle, video-opnametoerusting en draagbare rekenaars mag vir die doeleindes van vaslegging van die verrigtinge van 'n vergadering gebruik word, indien dit geskied op 'n wyse wat nie ontwrigtend is nie.

49. Amptelike tale

Enigeen wat by 'n vergadering praat, mag enige van die drie amptelike tale besig wat deur die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 en die Taalbeleid van die Weskus Distriksmunisipaliteit erken word, naamlik Afrikaans, Engels en Xhosa.

49. Munisipale werknemers

- (1) Werknemers van die munisipaliteit wat 'n vergadering bywoon, moet die reëls en etiket van toepassing op raadslede navolg.
- (2) Munisipale werknemers moet 'n vergadering bywoon indien die munisipale bestuurder of die speaker hulle versoek om dit te doen.

50. Kleredragkode

Waar raadslede en munisipale werknemers verplig is om hoëvlakvergaderings (soos vergaderings van die raad of uitvoerende-burgemeesterskomitee) by te woon, om die munisipaliteit in 'n hof te verteenwoordig of om kliënte by hoëvlakvergaderings of verrigtinge te betrek, word van hulle verwag om formeel aan te trek. Bostaande het ten doel om 'n professionele en korporatiewe beeld uit te dra.

Manlike raadslede moet alle raadsvergaderings 'n oopnekhemp, das, kleurbaadjie of baadjie (opsioneel), langbroek en toe skoene bywoon. Tradisionele kleredrag is aanvaarbaar.

Informele slenterdrag soos T-hemde, enige soort jeans, sweetpakkbroeke, slentersandale en tekkies word as onvanpas vir sodanige vergaderings beskou.

Van vroulike raadslede word verwag om ordentlik en toepaslik geklee by vergaderings te wees.

Dissiplinêre maatreëls sal toegepas word indien daar nie aan die kleredragkode voldoen word nie. Die betrokke raadslid sal 'n verbale waarskuwing by die algemene raadsvergadering ontvang, wat genotuleer sal word. Na twee waarskuwings oor dieselfde oortreding kan die speaker die betrokke raadslid versoek word om die raadsvergadering te verlaat.

Die engelse weergawe, "Rules of Order By-Law of the West Coast District Municipality" is as die oorspronklike dokument goedgekeur en aanvaar .